basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**MUSC.1**

**MUSIEK V1**

**NOVEMBER 2021**

**PUNTE: 120**

**TYD: 3 uur**

**SENTRUMNOMMER:**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye en 1 vel manuskrippapier.**

# MIDDAGSESSIE

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings, naamlik AFDELING A, B, C, D en E.

2. AFDELING A en B is VERPLIGTEND.

3. AFDELING C: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM), AFDELING D: JAZZ en AFDELING E: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM) is keusevrae. Beantwoord slegs EEN van hierdie afdelings (AFDELING C **OF** D **OF** E).

4. Skryf AL die musieknotasie in AFDELING A met potlood en AL die geskrewe teks met blou of swart ink op hierdie vraestel.

5. Beantwoord AFDELING B en AFDELING C **OF** D **OF** E met blou of swart ink in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Kandidate mag NIE hierdie bladsy verwyder NIE.

8. Kandidate mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.

9. Kandidate moet let op die puntetoekenning van elke vraag om genoeg inligting in hul antwoorde te gee.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## NASIENROOSTER

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| **A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)** | 1 | 15 | | |
| | 2 | 15 | | |
| | 3 | 15 | | |
| | 4 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **60** | | |

**EN**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (VERPLIGTEND)** | 5 | 10 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **10** | | |

**EN**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **C: IAM** | 6 | 15 | | |
| | 7 | 5 | | |
| | 8 | 8 | | |
| | 9 | 7 | | |
| | 10 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **50** | | |

**OF**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **D: JAZZ** | 11 | 15 | | |
| | 12 | 5 | | |
| | 13 | 8 | | |
| | 14 | 7 | | |
| | 15 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **50** | | |

**OF**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **E: WKM** | 16 | 15 | | |
| | 17 | 5 | | |
| | 18 | 8 | | |
| | 19 | 7 | | |
| | 20 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **50** | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **GROOTTOTAAL** | **120** | | |

Kopiereg voorbehou 
WESTERN CAPE

**AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)** **(90 minute)**

**Beantwoord AFDELING A op die VRAESTEL.**

**Beantwoord VRAAG 1**
**EN VRAAG 2.1 OF 2.2 OF 2.3**
**EN VRAAG 3.1 OF 3.2**
**EN VRAAG 4.1 OF 4.2.**

**VRAAG 1** **(25 minute)**

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



1.1 Hoe vinnig moet hierdie uittreksel gespeel word? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| Matig vinnig en met passie | Baie lewendig en met energie | So vinnig as menslik moontlik en met geesdrif |
|---|---|---|
| | | |

(1)


1.2 Watter tipe toonleer word deur die note in die boonste party van maat 1 tot 3 gevorm?

(1)

1.3 Benoem die interval by (a) volgens tipe en afstand.

(1)

1.4 Noteer die omkering van die interval by (b).




(1)

1.5 Benoem die drieklank by (c) volgens tipe en posisie.

(1)

1.6 Skryf die drieklank by (c) in die altsleutel in eerste omkering in noue ligging. Gebruik halfnote.



(1)

1.7 Lewer kommentaar op die toonsoort(e) van hierdie stuk.

(1)


1.8 Vergelyk die teksture in maat 6 tot 8 met dié in maat 9 tot 10 en lewer kommentaar.

(1)

1.9 Identifiseer die ritmiese kenmerk wat by (V) gebruik word.

(1)


1.10 Herskryf (W) in die ooreenstemmende saamgestelde tyd. Voeg die nuwe tydmaatteken by. Maak seker dat die musiek dieselfde klink.



(2)


1.11 Voeg die korrekte tydmaatteken op die partituur by in die ruimte wat by (X) verskaf word. (1)

1.12 Skryf 'n variasie van die motief by (Y). Moet NIE 'n sekwens skryf NIE.



(2)

1.13 Herskryf (Z) met 'n alternatiewe ritmiese groepering.
Moet NIE die klank van die musiek verander NIE.



(1)
**[15]**

**VRAAG 2** **(25 minute)**

**Beantwoord VRAAG 2.1 ÓF VRAAG 2.2 ÓF VRAAG 2.3.**

2.1 Voltooi die aanvang hieronder om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm vir enige enkellyn melodiese instrument van jou keuse te vorm. Noem die instrument en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiek- en artikulasie-aanduidings op geskikte plekke by.

Instrument: ______________________________

Tempo: ______________________________




Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

| BESKRYWING | MAKS. | PUNT |
|---|---|---|
| **Vorm en kadenspunte** | 3 | |
| **Korrektheid:**<br>Nootstele, polse per maat, toevallige tekens, spasiëring, groepering | 2 | |
| **Kwaliteit:**<br>Toepaslikheid van instrument, tempo, artikulasie, dinamiek en musikaliteit | 10 | |
| **TOTAAL** | **15** | |

**[15]**

**OF**

2.2 Voltooi die aanvang hieronder om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm vir enige enkellyn melodiese instrument van jou keuse te vorm. Noem die instrument en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiek- en artikulasie-aanduidings op geskikte plekke by.

Instrument: ____________________________

Tempo: ____________________________




Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

| BESKRYWING | MAKS. | PUNT |
|---|---|---|
| **Vorm en kadenspunte** | 3 | |
| **Korrektheid:**<br>Nootstele, polse per maat, toevallige tekens, spasiëring, groepering | 2 | |
| **Kwaliteit:**<br>Toepaslikheid van instrument, tempo, artikulasie, dinamiek en musikaliteit | 10 | |
| **TOTAAL** | **15** | |

**[15]**

**OF**

2.3 Voltooi die aanvang hieronder in solfanotasie om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm vir 'n stem te skep. Noem die stemtipe en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiek-aanduidings op geskikte plekke by. Moet NIE lirieke byvoeg NIE.

Stemtipe: ______________________________

Tempo: ______________________________

Doh is F

| $s_l$ . $t_l$ | d :-. s : f . m | | |

| | | |

| | | |

Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

| BESKRYWING | MAKS. | PUNT |
|---|---|---|
| **Vorm en kadenspunte** | 3 | |
| **Korrektheid:**<br>Solfanotasie, dubbelpunte, kommapunte en aandagstrepe | 2 | |
| **Kwaliteit:**<br>Toepaslikheid van omvang, tempo, dinamiek en musikaliteit | 10 | |
| **TOTAAL** | **15** | |

**[15]**

**VRAAG 3** **(10 minute)**

**Beantwoord ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.**

3.1 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.




3.1.1 Besyfer die akkoorde by (a) tot (h) op die partituur deur Romeinse syfers te gebruik, bv. E: vii°6/vii°b. (8)

3.1.2 Noem die finale kadens en besyfer die laaste akkoord by (j) op die partituur.

________________________________________ (2)

3.1.3 Benoem die tipes non-akkoordnote by (i) tot (iv).

(i) ____________________________________

(ii) ____________________________________

(iii) ____________________________________

(iv) ____________________________________ (4)

3.1.4 Verduidelik die G# in maat 3.

________________________________________ (1)
**[15]**

**OF**

3.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.




3.2.1 Identifiseer die akkoorde by (a) tot (h) en skryf akkoordsimbole in die spasies verskaf bokant die akkoorde, bv. $B^b$/D. (8)

3.2.2 Benoem die kadens wat by (Z) gevorm word en skryf die akkoordsimbool by (j) op die partituur in.

________________________________________ (2)

3.2.3 Benoem die tipes non-akkoordnote by (i) tot (iv).

(i) ________________________________________

(ii) ________________________________________

(iii) ________________________________________

(iv) ________________________________________ (4)

3.2.4 Lewer kommentaar op die tenoorparty in maat 8 by (X).

________________________________________ (1)


**[15]**


WESTERN CAPE

**VRAAG 4** **(30 minute)**

**Beantwoord ÓF VRAAG 4.1 ÓF VRAAG 4.2.**

4.1 4.1.1 Voltooi die harmoniese progressie hieronder vierstemmig deur 'n deurgangs tweede omkeringspatroon by te voeg.



$i^6$ $V^6_4$ i
ib Vc

(3)

4.1.2 Voltooi die vierstemmige vokale harmonisasie hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg.







Die harmonisering sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

| BESKRYWING | MAKS. | PUNT |
|---|---|---|
| **Korrektheid:**<br>Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering | 11 | |
| **Akkoordprogressie:**<br>Akkoordkeuse, korrekte gebruik van kadens | 9 | |
| **Kwaliteit:**<br>Musikaliteit, non-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit, bv. gebruik van kadensiële $^6/_4$-progressie en/of 'n sekwens | 4 | |
| **TOTAAL** | **(24 ÷ 2) = 12** | |

(12)
**[15]**

**OF**

4.2 4.2.1 Voltooi die harmoniese progressie hieronder deur akkoorde in die bassleutel in te vul. Gebruik halfnote.




(5)

4.2.2 Voltooi die stuk hieronder deur toepaslike harmoniese materiaal by te voeg. Gaan voort in die styl wat deur die gegewe materiaal in maat 1 tot 4 gesuggereer word.




Die antwoord sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

| BESKRYWING | MAKS. | PUNT |
|---|---|---|
| **Akkoordprogressie:**<br>Akkoordkeuse, korrekte gebruik van kadens | 7 | |
| **Korrektheid:**<br>Notasie, spasiëring, stemvoering | 9 | |
| **Kwaliteit:**<br>Musikaliteit, non-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit, bv. gebruik van toevallige tekens | 4 | |
| **TOTAAL** | **(20 ÷ 2) = 10** | |

(10)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

**AFDELINGS B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (90 minute)**

**AFDELING B, C, D en E moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.**

## AFDELING B: ALGEMEEN (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5

5.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.1.1 tot 5.1.4) neer, bv. 5.1.5 E.

5.1.1 By watter maatskappy registreer kunstenaars vir naaldtydregte?

A SAMRO
B CAPASSO
C SAMPRA
D SONY (1)

5.1.2 Die funksie van 'n uitgewersmaatskappy is om …

A musiekpartiture te redigeer.
B partiture vir kopieregdoeleindes in te dien.
C opdrag te gee vir die verwerking van 'n musiekpartituur.
D Al die bogenoemde (1)

5.1.3 Watter stelling is ONWAAR?

Die komponis vind finansieel baat by 'n werk wat deur kopiereg beskerm word …

A wanneer die werk geregistreer is en lewendig uitgevoer word.
B wanneer plagiaat op die werk gepleeg word.
C wanneer die werk geregistreer is en oor die radio gespeel word.
D vir 50 jaar na haar/sy dood. (1)

5.1.4 Watter stelling is WAAR?

Die musiekbedryf …

A laat produksie van vervalste opnames toe.
B gebruik naaldtydregte om komponiste te penaliseer.
C skep geleenthede vir kunstenaars om 'n bestaan uit hul musiek te maak.
D Al die bogenoemde (1)

5.2 Waarna verwys *intellektuele eiendom* in die musiekbedryf? (1)

5.3 Beskryf die rol wat musiekregteorganisasies tans in die musiekbedryf speel. (2)

5.4 Definieer die term *meganiese regte.* (1)

5.5 Watter prosedures sal jy volg indien jy 'n uittreksel uit 'n kontemporêre lied, wat deur kopiereg beskerm word, in jou eie komposisie wil gebruik? (2)

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**Beantwoord AFDELING C (IAM)**
**OF AFDELING D (JAZZ)**
**OF AFDELING E (WKM) in die ANTWOORDEBOEK.**

## AFDELING C: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)

## VRAAG 6

6.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.1.1 tot 6.1.5) neer, bv. 6.1.6 E.

6.1.1 A cappella beteken ...

A sang deur 'n groep wat slegs uit mans bestaan, met begeleiding.
B musiek vir stem en klavier.
C kooruitvoering met beweging.
D sang sonder begeleiding. (1)

6.1.2 Die lirieke van *Wena Wedwa* deur Thee Legacy handel oor ...

A liefde en egskeiding.
B aanlyn liefde.
C liefde teenoor haat.
D liefde en lojaliteit. (1)

6.1.3 Krepitasie verwys na …

A sagte handeklap.
B vokalisering met 'n hoë toonhoogte.
C ploffende stem-effekte.
D energieke liggaamsbeweging. (1)

6.1.4 Roep en antwoord verwys na …

A vokale musiek met liggaamsbeweging.
B afwisselende sang tussen 'n solis en 'n groep.
C solo- vokale uitvoering.
D Al die bogenoemde (1)

6.1.5 Isihlabo is 'n inleiding vir ...

A maskanda.
B isicathamiya.
C malombo.
D Al die bogenoemde (1)

6.2 Kies 'n album/treffer uit KOLOM B wat by die kunstenaar in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.2.1 tot 6.2.4) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 6.2.5 E.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.2.1 | Philip Tabane | A | *Melodi Yalla* |
| 6.2.2 | Mfaz' Omnyama | B | *uNomathemba* |
| 6.2.3 | Joseph Shabalala | C | *Phamba Madiba* |
| 6.2.4 | Mahlathini and the Mahotella Queens | D | *Kuke Kwagijim' Iveni* |

(4 x 1) (4)

6.3 Bespreek die optredepraktykeienskappe van EEN van die volgende sang-/dansstyle:

6.3.1 Tshikona

6.3.2 Borankana

6.3.3 Muchongolo

6.3.4 Mohobelo

6.3.5 Isitshikiza

6.3.6 Indlamu (3)

6.4 Maak 'n lys van DRIE stylkenmerke van mbaqanga. (3)
**[15]**

**VRAAG 7**

Isicathamiya het ontstaan uit die koorkompetisies wat heelnag gedurende naweke in Johannesburg en Durban gehou is.

Brei op hierdie stelling uit deur na die kleredragkode (1 punt) en verhooguitvoering (4 punte) van isicathamiya-groepe te verwys. **[5]**

**VRAAG 8**

Skryf 'n paragraaf waarin jy die rol van musiek in Afrika-kultuur bespreek. **[8]**

**VRAAG 9**

Verduidelik hoe izibongo/direto in 'n Afrika-musiekuitvoering gebruik word. **[7]**

**VRAAG 10**

Maskanda het 'n landelike oorsprong en het in 'n gewilde stedelike styl ontwikkel.

Skryf 'n opstel waarin jy na die ontwikkeling van maskanda as 'n manlike voordragstyl, sowel as die invloed van umakhweyane/ugubhu(kalbasboog)-musiek verwys. Noem verteenwoordigende kunstenaars en liedjies/albums in jou antwoord

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

| **KRITERIA** | **PUNTE-TOEKENNING** |
|---|---|
| Maskanda as 'n manlike voordragstyl | 4 |
| Die invloed van umakhweyane/ugubhu(kalbasboog)-musiek | 5 |
| Kunstenaars en liedjies/albums | 3 |
| Logiese aanbieding en struktuur van die opstel | 3 |
| **TOTAAL** | **15** |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

**OF**


WESTERN CAPE

**Beantwoord AFDELING C (IAM)**
**OF AFDELING D (JAZZ)**
**OF AFDELING E (WKM) in die ANTWOORDEBOEK.**

## AFDELING D: JAZZ

### VRAAG 11

11.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (11.1.1 tot 11.1.5) neer, bv. 11.1.6 E.

11.1.1 Watter EEN van die volgende ritmiese patrone is die 'skiffle-agtige' maatslag wat in kwêla gebruik word?

A  ens.

B  ens.

C  ens.

D  ens. (1)

11.1.2 Die lirieke van *Jikela Emaweni* deur die Manhattan Brothers handel oor …

A mans wat in die myne werk.
B 'n gospel-boodskap.
C verlange huis toe.
D protesterende vroue. (1)

11.1.3 Watter EEN van die volgende verteenwoordig die E mineur sewende akkoord?

A $E^{o7}$
B $EM^{7}$
C $Em^{7}$
D $E^{+7}$ (1)

11.1.4 Watter EEN van die volgende is NIE 'n transponerende instrument NIE?

A Basklarinet
B Trompet in $B^{b}$
C Altsaksofoon
D Fluit (1)

11.1.5 'Comping' in jazz-musiek word die beste as … beskryf.

A die beklemtoning van swak maatslae in 'n maat
B ritmiese akkoordbegeleiding op die klavier
C die sing van onsinnige lettergrepe in plaas van woorde
D improvisasie deur 'n solo-instrumentalis (1)

11.2 Vul die korrekte inligting by (a) en (b) in.

| | **KWELA** | **MBAQANGA** |
|---|---|---|
| **Tonaliteit** | (a) | Majeur/pentatonies |
| **Leier-instrument** | Penniefluit | (b) |

(2)

11.3 Kies 'n werk uit KOLOM B wat by die kunstenaar in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (11.3.1 tot 11.3.4) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 11.3.5 E.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 11.3.1 The Jazz Epistles | A *The Colours They Bring* |
| 11.3.2 Feya Faku | B *Lakutshon' iLanga* |
| 11.3.3 Zim Nqawana | C *Vary-oo-vum* |
| 11.3.4 Miriam Makeba | D *eBhofolo* |

(4 x 1) (4)

11.4 Maak 'n lys van VIER stylkenmerke van mbaqanga. (4)
**[15]**

**VRAAG 12**

Skryf kort aantekeninge oor die styleienskappe van The Brotherhood of Breath. **[5]**

**VRAAG 13**

Verduidelik hoe Abdullah Ibrahim se klavierstyl beide plaaslike (4 punte) en internasionale invloede (3 punte) weerspieël. In jou bespreking, verwys na 'n spesifieke voorbeeld uit sy werke (1 punt). **[8]**

**VRAAG 14**

Skryf 'n paragraaf waarin jy die musikale eienskappe van kwêla bespreek. **[7]**

**VRAAG 15**

Skryf 'n opstel oor marabi-musiek en dui aan waarom dit as 'n oorspronklike Suid-Afrikaanse jazz-styl van die 1930's beskou word.

Verwys na die oorsprong van instrumente, instrumentasie en styleienskappe. Noem 'n verteenwoordigende kunstenaar/orkes en 'n bypassende musiekvoorbeeld.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

| KRITERIA | PUNTETOEKENNIG |
|---|---|
| Oorsprong van instrumente | 2 |
| Instrumentasie | 3 |
| Styleienskappe | 5 |
| Kunstenaar/groep en musiekvoorbeeld | 2 |
| Logiese aanbieding en struktuur van die opstel | 3 |
| **TOTAAL** | **15** |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING D: 50**

**OF**

**Beantwoord AFDELING C (IAM)**
**OF AFDELING D (JAZZ)**
**OF AFDELING E (WKM) in die ANTWOORDEBOEK.**

## AFDELING E: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)

## VRAAG 16

16.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (16.1.1 tot 16.1.5) neer, bv. 16.1.6 E.

16.1.1 'n Pedaalpunt …

A is 'n hefboom wat deur die voet getrap word om note aan te hou wanneer die klavier gespeel word.
B word slegs in moderne musiekstyle gevind.
C is 'n noot in die laagste party/stem wat aangehou word teen veranderende harmonieë.
D word slegs in die laagste party/stem van 'n orrelwerk gevind. (1)

16.1.2 Watter EEN van die volgende musiekterme beteken 'dringende versnelling'?

A Movimento
B Rubato
C Smorzando
D Stringendo (1)

16.1.3 Watter EEN van die volgende beskryf die libretto van 'n opera die beste?

A Dialoog, lirieke en verhoogsaanwysings
B Gesproke woorde en wat gesing word
C Wat gesing word en verhoogaanwysings
D Dialoog, lirieke, verhoogaanwysings en volgorde van tonele (1)

16.1.4 Die nuwe instrument wat by Mozart se orkes in *Die Towerfluit* gevoeg is, is die …

A piccolo.
B buisklokke.
C tromboon.
D tuba. (1)

16.1.5 Watter EEN van die volgende is NIE 'n transponerende instrument NIE?

A Basklarinet
B Trompet in $B^b$
C Altsaksofoon
D Fluit (1)


WESTERN CAPE

16.2 Skryf kort aantekeninge oor die *konsert-ouverture*. (3)

16.3 Noem TWEE wyses waarop die *toondig* van die *konsert-ouverture* as genre verskil. (2)

16.4 Verduidelik die funksie van die aria in 'n opera. (2)

16.5 Wat is die algemeenste gebruikstaal in opera? (1)

16.6 Behalwe vir Mozart se operas, noem EEN ander opera en die komponis daarvan. (2)
**[15]**

**VRAAG 17**

Mendelssohn het Klassieke elemente by sy *Hebrides Ouverture* ingesluit.

Brei op hierdie stelling uit deur na die struktuur, orkestipe, harmonie, melodie en tekstuur van hierdie werk te verwys. **[5]**

**VRAAG 18**

Bespreek die eienskappe van die Singspiel. Verwys na algemene eienskappe (3 punte), storielynvereistes (3 punte) en musikale eienskappe (2 punte). **[8]**

**VRAAG 19**

19.1 Noem EEN genre waarin jy sonatevorm sal vind. (1)

19.2 Verduidelik die verskil tussen die *uiteensetting* en die *heruiteensetting* in standaard-sonatevorm. Jy mag 'n tabelformaat gebruik. (6)
**[7]**

**VRAAG 20**

Beethoven se innoverings in sy *Simfonie Nr. 6 Op. 68* het die bestaande Klassieke simfoniese model verander.

Skryf 'n opstel waarin jy Beethoven se gebruik van struktuur en vorm, instrumentasie/orkestrasie en dinamiek bespreek. Haal spesifieke voorbeelde uit die vierde en vyfde bewegings aan.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

| KRITERIA | PUNTETOEKENNIG |
|---|---|
| Struktuur en vorm | 6 |
| Instrumentasie/orkestrasie | 3 |
| Dinamiek | 3 |
| Logiese aanbieding en struktuur van die opstel | 3 |
| **TOTAAL** | **15** |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING E: 50**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou